# Hoof- en hulpwerkwoorde

Naam:

**Werkwoorde**

ŉ Werkwoord vorm die kern van enige sin. ŉ Sin sonder ŉ werkwoord is eintlik nie ŉ sin nie, byvoorbeeld: ŉ Bed in die kamer (dit is ŉ sinsnede, omdat dit geen werkwoord bevat nie).

Daar is verskillende soorte werkwoorde:

a) **Hoofwerkwoorde:** Die hoofwerkwoord is die werkwoord wat vir die leser sê watter aksie plaasvind.
*Byvoorbeeld:*
*Bongi speel netbal.*
*Pieter slaap.*
*Juffrou lag lekker.*
*Sy hardloop vinnig.*





b) **Hulpwerkwoorde**: kan nie alleen in ŉ sin optree nie. Dit staan altyd saam met ŉ hoofwerkwoord.
Daar is drie soorte hulpwerkwoorde,
*van tyd* (het om die verlede tyd en sal om die toekomende tyd aan te dui);
*van vorm* (word in die lydende vorm gebruik); en
*van wyse* (soos kan/mag/moet/sal/wil).

# Oefening 1

**Verander die volgende sinne na die verlede tyd:**

*Onthou:* **moet word moes / wil word wou / is word was / kan word kon**

a) Ek **moet** dorp toe **gaan**.

________________________________________________

b) Hy **wil** die brief gaan **pos**.

________________________________________________



c) Sy **is** baie **siek**.

________________________________________________

d) Sy **moet** die tafel **dek**.

________________________________________________

© e-classroom

e) Jan **wil** sy medisyne **drink**.

______________________________________________

f) Jan **is besig** om ŉ brief te skryf.

______________________________________________

g) Hy **kan** nie sy boek **kry** nie.


______________________________________________



# Oefening 2

**Verander die volgende sinne na die toekomende tyd en dan na die verlede tyd:**

*Byvoorbeeld:*
*Ons **pluk** die mielies **af**. (afpluk)*
*Toekomende tyd: Ons **sal** die mielies **afpluk**.*
*Verlede tyd: Ons **het** die mielies **afgepluk**.*



a) Ek **maak** die deur **oop**. (oopmaak)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________

b) Deon **klim** van die leer **af**. (afklim)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________

c) Ouma **gooi** die plantjies **nat**. (natgooi)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________

d) Sy **pas** die rok **aan**. (aanpas)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________



e) Mamma **skep** die kos **op**. (opskep)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________

f) Hy **skil** die appel **af**. (afskil)

Toekomende tyd: ______________________________________

Verlede tyd: ______________________________________

© e-classroom

# Oefening 3

**Skryf die volgende sinne in die verlede tyd oor.**



a) Sy wil nie dorp toe gaan nie.

______________________________________

b) Boet moet die kar self was.


______________________________________

c) Oom Jan het ŉ groot hond by hom.

______________________________________

d) Anna vergeet haar boek by die huis.

______________________________________



e) Ek spuit die blomme nat.

______________________________________

f) Ouma kook sop in die groot pot.


______________________________________

g) Daar is ŉ groot slang in die tuin.

______________________________________

h) Pa wen die horlosie op.

______________________________________



# Antwoorde

## Oefening 1

**Verander die volgende sinne na die verlede tyd:**

*Onthou:* **moet word moes / wil word wou / is word was / kan word kon**

a) Ek **moet** dorp toe **gaan**.
***Ek moes dorp toe gaan.***

b) Hy **wil** die brief gaan **pos**.
***Hy wou die brief gaan pos.***

c) Sy **is** baie **siek**.
***Sy was baie siek.***

d) Sy **moet** die tafel **dek**.
***Sy moes die tafel dek.***Jan **wil** sy medisyne **drink**.
***Jan wou sy medisyne drink.***

e) Jan **is besig** om 'n brief te skryf.
***Jan was besig om 'n brief te skryf.***

f) Hy **kan** nie sy boek **kry** nie.
***Hy kon nie sy boek kry nie.***

## Oefening 2

**Verander die volgende sinne na die toekomende tyd en dan na die verlede tyd:**

*Byvoorbeeld:*
*Ons **pluk** die mielies **af**. (afpluk)*
*Toekomende tyd: Ons **sal** die mielies **afpluk**.*
*Verlede tyd: Ons **het** die mielies **afgepluk**.*

a) Ek **maak** die deur **oop**. (oopmaak)

Toekomende tyd: ***Ek sal die deur oopmaak.***
Verlede tyd: ***Ek het die deur oopgemaak.***

b) Deon **klim** van die leer **af**. (afklim)

Toekomende tyd: ***Deon sal van die leer afklim.***
Verlede tyd: ***Deon het van die leer afgeklim.***

c) Ouma **gooi** die plantjies **nat**. (natgooi)
Toekomende tyd: ***Ouma sal die plantjies natgooi.***
Verlede tyd: ***Ouma het die plantjies natgegooi.***

d) Sy **pas** die rok **aan**. (aanpas)
Toekomende tyd: ***Sy sal die rok aanpas.***
Verlede tyd: ***Sy het die rok aangepas.***

e) Mamma **skep** die kos **op**. (opskep)
Toekomende tyd: ***Mamma sal die kos opskep.***
Verlede tyd: ***Mamma het die kos opgeskep.***

f) Hy **skil** die appel **af**. (afskil)
Toekomende tyd: ***Hy sal die appel afskil.***
Verlede tyd: ***Hy het die appel afgeskil.***

# Oefening 3

**Skryf die volgende sinne in die verlede tyd oor.**

a) Sy wil nie dorp toe gaan nie.
***Sy wou nie dorp toe gaan nie.***

b) Boet moet die kar self was.
***Boet moes die kar self was.***

c) Oom Jan het ŉ groot hond by hom.
***Oom Jan het ŉ groot hond by hom gehad.***

d) Anna vergeet haar boek by die huis.
***Anna het haar boek by die huis vergeet.***

e) Ek spuit die blomme nat.
***Ek het die blomme natgespuit.***

f) Ouma kook sop in die groot pot.
***Ouma het sop in die groot pot gekook.***

g) Daar is ŉ groot slang in die tuin.
***Daar was ŉ groot slang in die tuin.***

h) Pa wen die horlosie op.
***Pa het die horlosie opgewen.***

© e-classroom